



eduresourceza.com



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12
VOORBEREIDINGSEKSAMEN
VRAESTEL 1
NASIENRIGLYNE**

JULIE 2021

**TYD: 2 ½ UUR
TOTAAL: 100**

OPSTELLER: E. SNYMAN, H. BREEDT, S. FISHER
MODERATORS: E. SNYMAN, H. BREEDT, S. FISHER

Assesseringsmetode: Onderwyseresse
Assesseringsinstrument: Nasienriglyne en rubrieke

Instruksies:

1. Skryf jou naam op jou antwoordblad.
2. Dui aan wie jou Afrikaans-onderwyseres is.
3. Hierdie vraestel bestaan uit **15** bladsye en **10** vrae.
4. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:
 - **AFDELING A: BEGRIPSLEES (30)**
 - **AFDELING B: OPSOMMING (10)**
 - **AFDELING C: POËSIE (30)**
 - **AFDELING D: TAAL (30)**
5. Beantwoord al die vrae op papier en nie op die vraestel nie.
6. **BEANTWOORD DIE VRAE AS VOLG:**
 - AFDELING A, VRAAG 1 - 3: SKOON DUBBELFOLIO
 - AFDELING B, VRAAG 4: SKOON ENKELFOLIO
 - AFDELING C, VRAAG 5 - 7: SKOON DUBBELFOLIO
 - AFDELING D, VRAAG 8 – 10: SKOON DUBBELFOLIO
7. Bestudeer die tekste en vrae noukeurig voordat jy hulle beantwoord.
8. Beantwoord alle vrae in Afrikaans.
9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
10. Netheid, goeie taalgebruik en spelling tel in jou guns.
11. Lekker skryf!

LEESBEGRIP

VRAAG 1 ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

IS AFRIKAANSE MUSIEK REGTIG SO VROT?

Johan Myburg

1. Onlangse kritiek in briewe aan koerante, op nuuswebwerwe en sosialemediaforums teen Afrikaanse musiek, het sangers, liedjieskrywers en radiostasies behoorlik laat bloos. Sangers is beskuldig van "ritmelose en irriterende musiek"; liedjieskrywers is aangevat oor hulle "herhalende, niksseggende en ligsinnige lirieke". Radiostasies se programsamestellers van musiekprogramme is as "bewusteloos" beskou omdat hulle blykbaar nie weet wat goeie en slegte musiek is nie. Hulle moes hoor hulle doen nie genoeg navorsing om ordentlike materiaal te bekom nie.
2. Reeds in 2012 het Marike Verwey, 'n joernalis wie se spesialisveld Afrikaanse musiek is, haar probleme met Afrikaanse musiek genoem. Van haar sterkste punte van kritiek was dat die mark oorstroom is met Afrikaanse musiek waarvan die lirieke van "swak gehalte" is, dat daar te min liriekskrywers is wat weet hoe om "goeie musiek te skryf" en dat "te min sangers bereid is om vernuwende Afrikaanse musiek te sing". En nou word daar steeds briewe hieroor geskryf, grappe om braaivleisvure oor "my-baby-baby-musiek" gemaak en kritiek oor flou Afrikaanse musiek gegee.
3. Na aanleiding van Verwey se probleme hierbo en die vraag na wat goeie Afrikaanse musiek nou eintlik is, reageer die Afrikaanse liedjieboer, Anton Goosen, dat daar nie werklik 'n resep bestaan om tussen goeie en swak musiek te onderskei nie. "Vir my is dit belangrik dat 'n liedjie die luisteraar enduit geïnteresseerd moet hou, hetsy dit nou deur middel van die woorde of die wysie is. As 'n liedjie met jou praat, dán is dit 'n goeie 'song','" sê hy.
4. In verdere reaksie op Verwey se probleem met die sogenaamde swak lirieke in Afrikaanse musiek, is die sanger/liedjieskrywer, Simoné Redcliff, baie uitgesproke: "Asseblief, hekwagters, hou ryme en ritmes en diep gedagtes uit ons musiek! Swak lirieke is 'n klein opoffering in die belang van artistieke vryheid; los musiek sodat dit kan wees wat dit wil – musiek! Los diep gedagtes vir letterkundiges. Musiek wil nie poësie wees nie, asseblief!"
5. Estelle Loftus, stasiebestuurder van die Afrikaanse radiostasie, LFM*, verdedig die kritiek wat na die radiostasies gegooi word – veral dié oor hulle keuses van liedjies met niksseggende lirieke – deur te verduidelik dat LFM se luisteraars se musieksmaak die kriterium is wat gebruik word vir dié stasie se sogenaamde vullermusiek (musiek wat tussen programme gebruik word). LFM se musiek moet luisteraars goed laat voel, met ander woorde, musiek

moet 'n opgeruimde/vrolike wysie hê; musiek wat die luisteraar in 'n goeie bui kry, nié rock nie en ook nie stadiger musiek nie. Om hierdie balans te handhaaf moet LFM se programopstellers gereeld die veranderinge in die Afrikaanse musiekmark dophou om seker te maak dat die stasie goeie musiek speel waarvan hulle luisteraars hou.

6. In reaksie op Verwey se probleem dat sangers nie vernuwende Afrikaanse musiek wil sing nie, sonder Isaac Mtshali, grootbaas van Boom Recording Studios, sangers uit wat werklik uit hulle pad gaan om vernuwend te werk, "Kunstenaars soos David Kramer, Anton Goosen, Refentse en verál Les Javan is vernuwende sangers wat musikale brûe herstel" sê hy.
7. Is Afrikaanse musiek dan rêrig so vrot? Wat musiek liefhebbers moet onthou, is dat luisteraars van Afrikaanse musiek nie dieselfde standaarde soos die van die kritici in gedagte het wanneer hulle na 'n liedjie luister nie. Hulle wil net na musiek met maklike lirieke waarmee hulle op pad huis toe kan saamsing, en musiek waarvan die ritme hulle voete op 'n dansbaan laat jeuk, luister.
8. Solank musiek liefhebbers en -luisteraars musiek koop en luister na wat hulle laat goed voel, is Afrikaanse musiek kerngesond. En as dit dan bokkie-sokkie-rokkie-lirieke en brabbelmusiek is, wie se "smaak" is dan nou regtig só verkeerd?

*LFM is die handelsnaam vir die nuwe deurnagradiostasie, Luister-FM.

[Verwerk uit <https://maroelamedia.co.za>]

- 1.1 Noem **twee plekke** waarin kritiek teen Afrikaanse musiek uitgespreek is?

In briewe aan koerante, op nuuswebwerwe en sosiale media forums. Enige 2

B2 (2)

- 1.2 Waarvan word Afrikaanse sangers beskuldig? (Paragraaf 1)

Ritmelose en irriterende musiek.

B2 (1)

- 1.3 Gee **een woord** uit paragraaf 2 wat wys dat iemand **baie kennis** van Afrikaanse musiek het.

Spesialisveld

B3 (1)

- 1.4 Wat is Marike Verwey sê probleme met Afrikaanse musiek? Noem twee probleme. (Paragraaf 2)

Die mark is oorstroom met Afrikaanse musiek waarvan die lirieke van "swak gehalte" is.

Dat daar te min liriekskrywers is wat weet hoe om "goeie musiek te skryf".

Dat "te min sangers bereid is om vernuwende Afrikaanse musiek te sing".

Enige 2

B3 (2)

- 1.5 Wat is die eienskappe van 'n goeie Afrikaanse liedjie? Haal die sanger Anton Goosen se woorde aan? (Paragraaf 3)

"Vir my is dit belangrik dat 'n liedjie die luisteraar enduit geïnteresseerd moet hou, hetsy dit nou deur middel van die woorde of die wysie is.

OF

As 'n liedjie met jou praat, dán is dit 'n goeie 'song'," Enige 1 **B2 (1)**

- 1.6 Hoe voel Simoné Redcliff oor die kritiek wat teen Afrikaanse musiek genoem is? (Paragraaf 4)

**Swak lirieke is 'n klein opoffering in die belang van artistieke vryheid/ los musiek sodat dit kan wees wat dit wil – musiek!/
Los diep gedagtes vir letterkundiges.**

Musiek wil nie poësie wees nie, asseblief!"

Sy voel dat daar nie fout is met die musiek nie.

Enige 1

B3 (1)

- 1.7 Waarvoor staan LFM?

Luister-FM

B2 (1)

- 1.8 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord uit paragraaf 5.

LMF speel net rock en stadige musiek.

ONWAAR

B3 (1)

LFM se musiek moet luisteraars goed laat voel/

musiek moet 'n opgeruimde/vrolike wysie hê/

musiek wat die luisteraar in 'n goeie bui kry. Enige 1

B3 (1)

- 1.9 Noem **twee sangers** wat musikale brûe vir afrikaanse musiek herstel? (Paragraaf 6)

David Kramer, Anton Goosen, Refentse en I Les Javan. Enige 2 B2 (2)

- 1.10 Hoe voel jy oor afrikaanse musiek? Motiveer jou antwoord.

Gee eie opinie. (1) interpretasie (1)

B4 (2)


Goed/sleg/positief/hou daarvan/hou nie daarvan nie.

Motivering moet by gevoel/opinie pas.

[15]

VRAAG 2 GRAFIEK

Bestudeer die gegewe grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.



2.1 Watter flik was die suksesvolste een volgens die grafiek?

Liefing die Movie

B1 (1)

2.2 Hoeveel geld het "Ballade vir 'n Enkeling" gemaak?

R7.8m.

B1 (1)

2.3 In watter jaar is die flik "Pad na jou hart" gemaak. Skryf die jaar in woorde uit?

Twintig Veertien/ Tweeduisend en veertien

B1 (1)

- 2.4 Haal **een woord** uit die grafiek aan wat mens gewoonlik vir iemand op wie jy verlief is gee.

“Liefling”

B2 (1)

- 2.5 Waar het die grafieksamestellers van Grafika24 hulle inligting gekry?


“By Ster-Kinekor”

B2 (1)

[5]

VRAAG 3 SPOTPRENT

Bestudeer die gegee spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



[Verwerk uit Volksblad, 1 September 2015]

- 3.1 Noem twee visuele elemente in die spotprent wat wys dat die sanger besig is om te sing.

Die musieknote/note

Die mikrofoon.

Sy mond is groot oop.

Die woorde in spraakborrel 1 is lirieke.

Die strepe om sy lyf/hande wys hy dans.

Enige 2

B4(2)

3.2 Wat is die funksie van die hartjie emoji op die sanger sê t-hemp?

Dit wys dat hy lief is vir Afrikaanse musiek/Afrikaans.

OF

Hy hou van Afrikaanse musiek/Afrikaans.

B3 (2)

3.3 Noem die **twee eienskappe** van goeie musiek volgens die professor in spraakborrel 2.

Moet rym

Lewendige ritme hê

Vol metafore wees. Enige 2

B2 (2)

3.4 Sou jy sê dat die woorde van die liedjie in spraakborrel 1 rym. Motiveer jou antwoord.

Ja. blou rym met flou

(Daar moet 'n motivering wees.)

B3 (2)

3.5 Dink jy hierdie is 'n goeie afrikaanse liedjie? Motiveer jou antwoord.

Enige opinie met rede. (1) Interpretasie (1) Motivering

B4 (2)

Motivering moet by opinie/interpretasie pas

[10]

TOTAAL: 30 PUNTE

AFDELING B

VRAAG 4 OPSOMMING

3.1.2 AFDELING B – OPSOMMING (10)

'n Opsomming wat sal vereis dat teks met begrip van inhoud verkort word. 'n Teks van ongeveer 250 woorde moet gebruik word en in vyf punte opgesom word. Die opsomming moet 70 woorde lank wees.

Assessering:

- Sinne moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Elke punt/sin tel twee punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde en/indefinitief moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die leerder 10 uit 10.
- Indien 'n leerder twee sinne per punt skryf, word slegs die eerste sin gemerk.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie.

IEB Copyright © 2014–2020

NATIONAL SENIOR CERTIFICATE HANDBOOK
IMPLEMENTATION DATE: GRADE 12, 2020

2/4

- **Taalfoute word nie meer gepeenaliseer nie.** Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepeenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus minus 2½ in totaal.
- Minus 1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui.
- Wanneer 'n instruksie gegee word hoe om elke sin te begin (bv. *Jy moet ...*) en leerders doen dit nie, word hulle as volg gepeenaliseer: minus ½ vir 1-2 sinne verkeerd begin en minus 1 vir 3-5 sinne verkeerd begin.
- Tel 'n en *die* as deel van die woordtelling.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

Moontlike antwoorde:

1. Jy moet die ontvanger se omgewing in ag neem anders kan hul dalk nie daarna luister nie.
2. Weet vir wie jy die stemnota stuur en respekteer sy/haar tyd.
3. Hou jou stemnota kort en gefokus./of verdeel dit in kleiner boodskappe.
4. Beplan wat jy wil sê voordat jy dit opneem anders veroorsaak dit frustrasie.
5. Moenie besonderhede in 'n stemnote stuur nie; stuur eerder 'n teksboodskap./Stuur eerder 'n teksboodskap met besonderhede omdat dit makliker is om na te verwys.

B3 – 5; B4 – 5.

TOTAAL: 10 PUNTE

AFDELING C

VRAAG 5 GESIENE GEDIG

TOULOPER – FANIE VILJOEN

- 5.1. Die pad wat hy loop om vooruit te kom. Dit is 'n figuurlike tou wat slegs in sy gedagtes plaas vind./Aan die begin van die gedig klim hy op die denkbeeldige tou en aan die einde van die gedig het hy op die tou deur die huis geloop tot by die tuinhok. So beweeg hy dwarsdeur die storm of konflik in sy huis. Die lewe/ 'n metafoor. B3 (1)
- 5.2. Dit verwys na die konflik in die huis. B2 (1)
- 5.3. "gekwelde". B1 (1)
- 5.4. Hy voel soos 'n prooi vasgevang in ongelukkige omstandighede./ Dis ingewikkeld moeilike situasies om te bestuur. B4 (1)
- 5.5. In versreël 3 word die woorde voetjie vir voetjie (versigtig) gebruik wat moontlik aan dui die spreker nog klein/min geen selfvertroue en meer versigtig is✓ en in versreël 20 word die woorde voet vir voet gebruik wat suggereer dat die spreker nou al ouer is/ meer selfvertroue, maar steeds versigtig net met meer selfvertroue. ✓ B5 (2)
- 5.6. Die spreker hou haar/sy oog op die tou✓ en die spreker balanseer.✓ B3 (2)
- 5.7. Vryheid. B1 (1)
- 5.8. deur die storm./ Skuif vorentoe/ balanseer my lewe. B2 (1)
- [10]**

VRAAG 6 GESIENE GEDIG

DAAROM – ILNA STANDER

- 6.1 Die beeld in die spieël lyk nie goed nie want sy vel lyk sleg. B2 (1)
- 6.2 Hy het 'n baie lelike vel wat 'n uitdaging vir die dermatoloog sal wees. / 'n Dermatoloog sal baie geld verdien/maak as hy sy pasiënt is. B4 (1)
- 6.3. Hy dink dat hy 'n gek van homself voor meisies sal maak/ hy is bang die meisies sal vir hom lag. B5 (1)
- 6.4.1 Onwaar. B3 (1)
- 6.4.2 Sy deurslaanstem maak dat hy niemand antwoord nie. B4 (1)
- 6.5 Die verteller is nie bereid om sy hare te sny nie. B2 (1)
- 6.6 is 'n spieëlskrikker / Intussen donker deure toe. B2 (1)
- 6.7 Daar is geen vaste rymskema nie OF die strofes is nie ewe lank nie. B2 (1)
- 6.8 "Daarom bid ek die tyd om." B3 (1)
- 6.9 Hy slaan deure toe steek homself weg. B1 (1)
- [10]**

VRAAG 3 – ONGESIENE GEDIG

7.1	Kinderdinge	B1 (1)
7.2	“tussenin”	B1 (1)
7.3	Hulle het gelukkig gevoel. /Hulle lag en voel vrolik.	B2 (1)
7.4	‘n dooie voëltjie.	B1 (1)
7.5.1	Waar	B3 (1)
7.5.2	“...en wonder waarom.”	B3 (1)
7.6	As jy ‘n kind is lek jy jou vingers af en as jy ouer word doen jy dit nie meer nie.	B3 (1)
7.7	B. Speels.	B1 (1)
7.8	Dit is moeilik om groot te word, jy weet nie regtig waar jy inpas nie – by die kinders of grootmense.✓	B5 (1)
7.9	Eie sinvolle antwoord.	B5 (1)
TOTAAL : 30		[10]

AFDELING D

TAAL

VRAAG 8

SINSTRUKTURE

8.1	Suzie stuur elke dag stemnotas.	B4 (1)
8.2.	‘n Stemnota van haar ma is weekliks deur Suzie ontvang.	B4 (1)
8.3.	Suzie hou daarvan om op ‘n telefoon te gesels.	B4 (1)
8.4	Suzie sê: “Ek kry ‘n nuwe selfoon vir my verjaarsdag.”	B4 (1)
8.5.	Suzie wat altyd lugtyd koop, is gereeld op haar foon. OF Suzie wat gereeld op haar foon is, koop altyd lugtyd.	B4 (1)
8.6	Suzie behoort daagliks haar foon te laai om in verbinding te bly.	B3 (1)
8.7	Moenie ‘n boodskap stuur nie.	B3 (1)
8.8.	‘n Week gelede het Suzie haar broer gebel toe sy in die moeilikhed was.	B4 (1)
8.9	Nee, Suzie laai nie daagliks haar foon om in verbinding te bly nie.	B3 (1)
8.10	Volgende week sal Suzie baie bly wees om ‘n nuwe selfoon te kry.	B3 (1)
8.11	Suzie sê met opgewondenheid dat sy nie kan wag om ‘n nuwe selfoon te kry nie.	B3 (1)
8.12	Aangesien Suzie/Sy ‘n nuwe selfoon kry, is sy/Suzie opgewonde.	B3 (1)
		[12]

VRAAG 9

9.1	vreeslike	B2
9.2	groot	B2
9.3	geskenk	B1
9.4	eerste	B2
9.5	wegkom	B3
9.6	hekkie	B3
9.7	agter	B1
9.8	trane	B3
9.9	my	B2
9.10	asmapompie	B3
9.11	Stadig	B2
9.12	beter	B2
9.13	hoe	B2
9.14	alles	B2
9.15	ken	B2
9.16	bloedrooi	B1

[16 x ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

Bestudeer die prent op die volgende bladsy en voer dan die instruksies wat by elke situasie gegee word, uit.

- Elke respons moet **15 – 20 woorde** lank wees.
- Elke respons kan **1 of 2 sinne** wees.
- Dui jou **woordtelling** aan na elke respons.
- Skryf die **direkte woorde** neer asof jy die karakter self is.
- **Moenie** die **vetgedrukte woord(e)** in jou respons gebruik **nie**.
- **Moenie** aanhalingstekens gebruik **nie**.



- 10.1 Adela sit en werk aan haar lirieke vir 'n **liefdesliedjie**. Skryf die woorde neer wat deel van haar lirieke is. (2)
- 10.2 Ann ry baie vinnig op haar fiets en is **bang** sy gaan die ma met die babastootwaentjie voor haar tref. Wat skree Ann vir die ma? (2)
- 10.3 Paul koop 'n poskaart vir sy gesin by die City News-stalletjie. Hy wil weet **wat die prys** van die poskaarte is. Wat vra Paul vir die kassier? Skryf sy direkte woorde neer. (2)
- 10.4 Suzanne is **bly** omdat sy vinniger as Adam swem. Hoe **prys** sy haarself omdat sy voor hom is? Skryf Suzanne se gedagtes neer. (2)
- 10.5 Dmitri gesels met sy meisie. Hy is laat om haar op te tel vir die fliek. Skryf Dmitri se **rede** neer en vra ook **om verskoning**. (2)
- [10]

Assessering: 1 – inhoud; 1 – taalgebruik

TOTAAL: 30 PUNTE

TOTAAL: 100 PUNTE